# BADISA TYGERBERG

na 'n beter môre

Aksie vandag

✉ 65 **PAROW** 7499
Straatadres: PICTONSTRAAT 27 PAROW
☎ 021 – 939 9120
086 590 9406
badisaravensmead@mweb.co.za

BADISA Tygerberg is ‘n dinamiese organisasie met ‘n Christelike grondslag. Ons streef daarna om deur omvattende gemeenskapsgebaseerde programme en in samewerking met vennote mense met maatskaplike behoeftes in staat te stel om selfstandig te funksioneer. Hierdie missie word daagliks deur die werksaamhede van die 9 maatskaplike werkers, 2 hulp maatskaplike werkers en 1 gemeenskapswerker uitgeleef.

Die kantoor van BADISA Tygerberg lewer GRATIS dienste aan gesinne en individue in die volgende areas:

- Connaught, Cravenby, Ravensmead
- Eureka , Uitsig
- Goodwood, Parow en Parowvallei

Dienslewering tree in werking wanneer die person of gesin besef hulself , hul familie en vriende kan nie meer help nie. Persone en gesinne word begelei , ondersteun en gehelp met probleemoplossings sodat gesinne in hul funksionering versterk kan word. Hierdie diens geskied deur die lewering van gesinsorgdienste, pleegsorgdienste, noodleniging, groepwerk en gemeenskapswerkprojekte in die gemeenskappe.

Die mees algemene probleme wat aangespreek word is:

- Kinderverlating, **-** mishandeling en –verwaarlosing
- Ontoereikende ouerskapsvaardighede
- Pleegplasings
- Assesserings ten opsigte van bejaardes
- Gesinshereniging
- Gesinskonflik en –geweld
- Egskeidings en huwelikskonflik
- Dwelm**-** en drankmisbruik
- Gedragsmoeilike kinders
- Verarming, behuisingsnood en voeding

Gedurende 2010 is **4783 persone** met dienslewering betrek; **3 125 persone** is van voedsel, klere en ander noodsaaklike middele voorsien; **2 315 leerders** is drie maal per week by die skool van toebroodjies, sop en pap voorsien en **30 bejaardes** is vir ‘n tydperk van 3 maande , daagliks van voorbereide gaar kos voorsien.

Ons besef telkens dat ons nie alleen staan in die uitvoering van ons hemelse opdrag nie. Die Here het vir ons geestelike broers en susters gegee. Ons kan mekaar se hande vat, mekaar ondersteun en mekaar help met die kundigheid en die bronne waarmee die here, die Groot Barmhartige, ons geseën het.

BADISA staan vir “Barmhartigheid, Diens, Saam” – Barmhartigheid is ‘n roeping wat waarde toevoeg tot elke mens se lewe. Barhartigheid is die mens se hoogste roeping. Met barmhartigheid leef ons God, ons liefdevolle Vader, se liefde uit aan ons naaste.

Ons neem dus vrymoedigheid om individue, besighede, organisasies en gemeentes te nader om met ons hande te vat deur middle van skenkings en donasies vir ons dienslewering aan ons kliëntsisteem.

U gewaardeerde bydrae aan BADISA Tygerberg help ons om ‘n volgehoue gratis diens te kan bied en u bydrae help om ‘n verskil te maak in die lewe van baie behoeftige gesinne en individue en gee aan hulle hoop vir die toekoms.